**Bybelse inspirasie vir ons getroue vrywilliger, vennoot en vriend**
**Augustus 2011**

# ONDERWERP AAN + VERTROUE OP GOD = VREDE + VOORSPOED



In Mei maand se Inspirasie nuusbrief het ek die swart gebrande Helderberg natuurreservaat gewys en gevra hoe jou verhouding met die Here lyk: "swart gebrand en dood of lowergroen en lewend"? Sedertdien was ek gereeld in die berg en kon met vreugde sien hoe die lowergroen weer tussen die swart stamme begin kop uitsteek en groei na die winterreën soos op die foto's. Tydens die Awaken vroue konferensie het die Here my duidelik 'n beeld gegee van die berg en hoe die swart, dooie deel stadig begin groen word en toe begin daar bome groei aan die kant wat erg gebrand was. Die bome was pragtig met dik stamme en takke wat so hoog uitgestrek het, ver bo die bergtoppe verby. Raai wat? Die bome was nie fynbos soos verwag nie maar Bosveldbome! Wat sou die betekenis hiervan wees?



**1. Die Here wil JOU gebruik:** Ja, **God kan elkeen gebruik om vir Hom groei te bewerkstellig...al is dit dalk nie waar jý dink jy inpas of moet wees nie**. Die Here kan jou as "doringboom" gebruik waar protea dalk eerder sal aard. As Hy sy reën van guns oor jou uitstort kan jy vir God groei en selfs hoër hoogtes bereik as wat die omstandighede waarin jy jou huidiglik bevind. Die swart gebrande natuurskoon het aan my hart geruk in Mei maar nou is die oorvloed van groen simbolies van Sy guns. **"blessed are those who are persecuted for righteousness" Matthew 5:10** Die intense hitte van die brand laat die proteas weer ontkiem en vermeerder. In die vuur (moeilike situasies) in jou lewe ontdek jy weer aspekte van God se liefde en omgee. Hitte verander steenkool in diamante. In die vuur ervaar jy dat God getrou bly al verlaat mense jou of al stel hulle jou teleur! **"En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag" Heb 11:6** Bly vertrou, dis wat God behaag.

**2. Onderwerp jou aan God:** As jy wil ontwaak en ontkiem vanuit jou passiewe, wagtende posisise van angstigheid en vrede ervaar lees saam uit **Job 22:21 "Onderwerp jou aan God, dan sal jy in vrede leef en so sal jy voorspoed hê."** Verder kom die opdrag om terug te draai na God en God eerste te stel "**As jy terugkom na die Almagtige toe, sal jy herstel word. As jy die kwaad ver van jou woonplek af hou, jou goud as nikswerd beskou, die goud uit Ofir as so min werd as 'n klip in die spruit, sal die Almagtige jou goud wees, jou skat aan silwer. Dan sal jy jou in die Almagtige verlustig en jou weer tot God wend."** Sjoe dis nou 'n opwindende uitdaging en die deel wat praat van "verlustig in die Almagtige" klink fantasties en lewendig!

**3.Vertrou Jesus en ervaar Sy vrede:** Die wiskundige som van totale oorgawe + vertroue op die Here = vrede **Isaiah 26:3 "You will guard him and keep him in perfect and constant peace whose mind [both its inclination and its character] is stayed on You, because he commits himself to You, leans on You, and hopes confidently in You. 4 So trust in the Lord (commit yourself to Him, lean on Him, hope confidently in Him) forever; for the Lord God is an everlasting Rock [the Rock of Ages].AMP** Vertrou dus op die Ewige Rots, Hy sal jou nie teleurstel nie, Hy ís in beheer.



***Bid saam uit "Seën jou gees" van Arthur Burk :*** **"Ek seën jou met die versekering dat elke dag Vader-gefiltreerd sal wees, dat God self sal sorg dat niks jou lewe sal binnekom wat groter is as wat Sy krag in jou kan hanteer nie. Ek seën jou met die vrede in die wete dat God met jou sal saamspan en voldoende vir jou sal voorsien vir elke dag, of dit nou 'n dag is wat met pyn gevul is, of een vol vreugde. Ek seën jou met 'n duidelike begrip van God se roeping op jou lewe;die groot prentjie sowel as 'n daaglikse besef van wat God wil hê jy moet doen."**

**Dankie vir elkeen se insette in die Kaapse bediening; hetsy gebed, finansies, ondersteuning of omgee, ons waardeer dit ! Hou ons asb in jul gebede vir wysheid elke dag.** **Celeste Steinmann 082 322 5299**